

## Gereformeerde Kerk Bellville – 7 Augustus 2016 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 33:6, 11 (p. 159)

- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.  
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.  
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;  
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.  
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;  
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;  
dit slaan die wêreldesinde gade / nou onse God sy heil ons skenk.  
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!  
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Gebed

Skrifberyming 1-1:1, 7 (24:1, 7)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy  
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.  
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,  
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;  
ons sal wat Hy belof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.  
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;  
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriëdag van God, wat kom.

**Skriflesing:** Jesaja 54:1-17; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 8

**Kernvers:** Jesaja 54:10

**Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid  
sal van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die HERE,  
jou Ontfermer. (Jesaja 54:10 AFR53)**

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 5, Artikel 8**

*Dat hulle nie heeltemal uit die geloof en die genade uitval of ook tot die einde in die sonde bly of verlore gaan nie, verkry hulle nie deur hulle eie verdienste of inspanning nie, maar weens die genadige barmhartigheid van God. As dit van hulle afgehang het, kon dit nie alleen maklik gebeur het nie, maar sou dit ongetwyfeld ook gebeur het. Maar omdat dit van God afhang, kan dit glad nie gebeur nie. Immers, sy raad kan nie verander, sy belofte kan nie verbreek, die roeping na sy voorneme kan nie herroep, die verdienste, voorbidding en bewaring van Christus kan nie kragteloos gemaak word nie, net so min as wat die verseëling deur die Heilige Gees verydel of vernietig kan word.*

## 'n Verduideliking by artikel 8

In artikel 6 bely ons wat God in en met sy kind doen wanneer hy in 'n growwe sonde geval het. Hy neem nie sy Heilige Gees heeltemal van sy kind af weg nie. Hy laat hulle nie uit die genade en uit die staat van regverdiging uitval nie. Hy laat ook nie toe dat hulle die sonde teen die Heilige Gees begaan nie.

In artikel 7 bely ons wat God nog verder doen in en met sy kind wat in sonde geval het. Hy bewaar sy onverganklike saad binne in sy kind. Hierdie onverganklike saad is die Woord van God waaruit die Heilige Gees die kind van God wedergebore het. Maar dan gaan Hy verder om sy kind ook te vernuwe deur sy Woord en Gees sodat sy kind met opregte berou terugkeer na Hom deur die bloed van Jesus Christus.

Die eerste sin wat ons in artikel 8 bely gaan nog 'n maal terug na artikel 6 en 5. Die ware gelowige val nie heeltemal uit die geloof en uit die genade nie, alhoewel hulle oefening in die geloof versteur word deur die sonde en hulle 'n tyd lank die besef van die genade verloor. In sy sondeval voel dit vir die gelowige of hy nie meer in die geloof en genade is nie. Ware gelowiges bly ook nie tot die einde in die sonde of gaan verlore nie. Dit gebeur nie omdat die gelowige homself so inspan in die geloof nie maar omdat God se barmhartig-heid so groot is.

In aansluiting by artikel 3 bely ons hier weer hoe swak die ware gelowige steeds in hierdie lewe is. Weens die aanvalle van die wêreld en die Satan en ook as gevolg van die oorblywende sonde kan bekeerdes nie in die genade volhard as die Here hulle aan hulle eie kragte oorgelaat het nie. Trouens, as dit van die gelowiges se eie kragte of inspanning in die geloof afgehang het, sou hulle beslis uit die geloof en uit die genade geval het, in die sonde bly lê en verlore gaan.

Maar nou hang die volharding van die gelowiges en hulle daaglikse bekering nie uitsluitlik en alleen van hulle af nie maar van God. En omdat dit van God afhang, is dit onmoontlik dat 'n ware gelowige uit die genade kan val en verlore gaan.

In die res van artikel 8 bely ons waarom die ware gelowige nie heeltemal uit die genade kan val en verlore gaan nie. Ons fokus op die Drie-enige God se onveranderlike en onvernietig-bare werk:

- God die Vader se raad kan nie verander, sy belofte kan nie verbreek en die roeping na sy voorneme kan nie herroep word nie.
- Die verdienste, voorbidding en bewaring van Christus kan nie kragteloos gemaak word nie.
- Die verseëling deur die Heilige Gees kan nie verydel of vernietig word nie.

Inderwaarheid kan ons die troue werk van ons Drie-enige God saamvat met hierdie woorde:

**Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie. (Romeine 8:38-39 AFR53)**

**Tema:** Die onverbreekbare belofte van God se ontferming

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, niemand hou daarvan om deur iemand anders verwerp te word nie. Iemand wat verwerp is, voel hy is sommer 'n nikswerd. Daarom doen mense soms enigiets net sodat hulle nie verwerp sal word nie.

In Jesus se omgang met mense toe Hy op aarde was, sien ons wat almal nodig het wat verwerp is. Hulle het ontferming nodig. Dit is wat Jesus gedoen het. Die mense wat deur die samelewing van destyds verwerp is, het graag rondom Jesus vergader – die sondaars, die tollenaars, prostitute, die onreines. Dit was in 'n stadium so erg dat die Fariseërs loop en vertel het dat Jesus Hom met die suiplappe en vrate ophou. Maar die uitgeworpenes was in Jesus se geselskap om geen ander rede nie as oor sy barmhartigheid teenoor hulle. En as gevolg van sy barmhartigheid teenoor hulle het daar verandering in hulle lewens gekom – dink maar aan Saggeus en Levi, twee tollenaars, en aan Maria Magdalena, uit wie Jesus sewe duiwels gedryf het, en die besetene van Gadara.

Wat Jesus vir mense gevoel het en hoe Hy teenoor hulle opgetree het, is reeds hier in ons hoofstuk in die Ou Testament aan ons geopenbaar. In Jesaja 54:6-9 lees ons van die onvergelyklike barmhartigheid van die Here. En dit loop uit op die onverbreekbare belofte van God se liefde vir sy mense in vers 10.

Broers, susters en kinders, in die eerste vyf verse praat die Here met sy volk in hulle ballingskap as hulle Man. Hierdie beeld van die Man en vrou word vanaf vers 6 voortgesit. Uit Maleagi 2:14 weet ons dat die Here die huwelik tussen 'n man en 'n vrou as 'n verbond beskou. Daarom is dit ook nie vreemd as die Here in hierdie verhouding van Hom met sy volk – met Hom as die Man en die volk as sy vrou – praat van sy vredesverbond nie.

In vers 4 lees ons van die weduweeskap van Israel. Die Here praat van haar as weduwee, nie omdat Hy gesterf het nie maar omdat sy volk haar in die ballingskap bevind. Haar ballingskap is so erg dat sy so verlate en verworpe soos 'n weduwee voel. Maar nou hoor ons in vers 6 wat dit vir Israel beteken dat die Here haar Man is.

Die Here roep sy volk terug na Hom. Israel hoor hierdie roepstem van die Here terwyl sy soos 'n verlate vrou en 'n bedroefde van gees voel. Israel voel selfs soos 'n vrou wat in haar jeug verwerp is. Die ballingskap van Israel was nie 'n bewys dat die Here van sy volk geskei het nie. Die ballingskap was bedoel as tug vir die volk. Die tyd van tug is nou verby, daarom roep die Here sy volk terug uit haar toestand van verlatenheid uit. En as die Here sy volk terugroep, doen Hy dit omdat Hy 'n groot doel met haar het.

In die Nuwe Testament word die kerk van die Here die bruid genoem en Jesus is haar Bruidegom. Hierdie bruid van Jesus was ook in 'n ballingskap toe die gelowiges nog in die duisternis van hulle sonde was en God se toorn op hulle gerus het. Maar die Heilige Gees het met die Woord van God die gelowiges uit die duisternis geroep en in die wonderbare lig van die Here gebring. Maar selfs in hierdie bekeerdes se lewens kom daar soms tye dat hulle weer verworpe voel en in die gees bedroef. Uit wat ons tot dusver in ons Dordtse Leerreëls bely het, weet ons dat dit as gevolg van ons sondes is dat dit gebeur.

Voel jy vandag soos een wat verwerp is deur die Here? Is jou hart gebroke omdat jou sonde veroorsaak het dat die Here van sy eer beroof is? Is jou gees bedroef omdat jy die vreugde-volle gemeenskap met die Here mis? In jou droefheid wonder jy miskien ook of jy nog 'n doel in die Here se plan het? Vanaand praat die Here met jou. Hy roep jou terug na Hom toe. Hy wil jou by Hom hê, want Hy het 'n doel met jou. As 'n gelowige aangesteek het by die droefheid van die Heilige Gees deur ook hartseer te word oor die misdaad wat hy teen die Here gepleeg het, dan geld hierdie woorde van Jesus vir hom:

**Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.** (Matteus 5:4 AFR53)

As jy al bitter hartseer was en jy kry 'n oproep van iemand wat regtig vir jou omgee en jy

het agtergekom hoe jou hartseer al minder word hoe langer die gesprek duur, dan weet jy hoe die volk gevoel het toe die Here hulle teruggeroep het. Maar wat motiveer die Here om sy volk terug te roep terwyl hulle Hom so vreeslik vertoorn het met hulle sondes? Wat motiveer die Here om sy kind wat in sonde geval het terug te roep?

In vers 7 en 8 sê die Here twee maal wat Hy aan sy volk gedoen het en wat Hy gaan doen. Die ballingskap het die gevoel van verlatenheid by die volk veroorsaak. Dit was ter wille van sy volk se dissiplinerende en hervormende dat die Here vir Israel in die hande van Babilonië oorgegee het. Maar let nou op hoe sê die Here dit: **Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat.** Dit is wat die Here gedoen het. Wat gaan Hy doen? **Ek sal jou vergader** sê die Here vir Israel. En kyk nou net wat motiveer die Here om dit te doen – sy groot ontferming! Die kort tydjie wat Israel verlate gevoel het, word gestel teenoor die grootheid van die Here se ontferming. Die Here se ontferming is sy innige, barmhartige en tere liefde vir sy volk.

In vers 8 sê die Here nog 'n keer wat Hy gedoen het. **In 'n uitstorting van toorn het Ek vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg.** Wat gaan die Here doen? **Ek ontferm My oor jou.** En kyk weer wat motiveer die Here om dit te doen – sy ewige goedertierenheid! Die uitstorting van sy toorn duur net 'n oomblik. Die Here het sy gesig verberg, maar nou gaan Hy Hom ontferm met groot goedertierenheid. Goedertierenheid is die getroue en ewige liefde van die Here vir sy volk omdat Hy Homself in sy verbond aan hulle verbind het.

In vers 7 en 8 sê die Here dat Hy as Israel se Verlosser praat. Hy het Israel uit Egipte verlos. Hy gaan Israel ook uit Babilonië verlos. En in elke geval is daar 'n prys wat vir Israel betaal word. By die verlossing uit Egipte was die prys die eersgeborenes van Egipte. Met die verlossing uit Babilonië moes die prys nog betaal word, want die eersgeborenes van Egipte was nog net die voorskou van wat God gaan betaal. Die prys vir elke gelowige oor al die eeue heen is die eniggebore Seun van God.

Ter wille van die uitverkorenes van God het die Seun van God mens geword. Jesus Christus het Homself ten volle vereenselwig met die sondaars wat God aan Hom gegee het. Die bedroefde gees en verlatenheid van Israel het Jesus se bedroefde gees en verlatenheid ge-word. In die tuin van Getsemane sê Hy dat Hy tot die dood toe bedroef is. En wanneer Hy aan die kruis hang, roep Hy uit:

**My God, my God, waarom het U My verlaat?** (Matthéus 27:46 AFR53)

Aan die kruis het Jesus Christus die toorn van God teen Israel en die hele menslike geslag se sonde gedra. Daarom kan God weer sy volk vergader en Hom oor hulle ontferm. Daarom roep die Here ook elke gevalle sondaarkind van Hom weer terug.

Uit die psalms hoor ons dat as die Here sy aangesig vir sy kind verberg, dit vir die gelowige net so goed voel soos die dood. Wanneer die gelowige kind van die Here in sonde val druk die hand van die Here swaar op hom. Maar hierdie swaar hand van die Here is nie bedoel om die kind van die Here te verbrysel nie. Soos by die ballingskap van Israel dien die swaar hand van die Here ook as tug vir die gelowige – tug om die gelowige te hervorm deur hom te laat afsien van sy sonde en tot die Here terug te keer.

Voel dit vir jou of die Here se toorn nou op jou is? Voel jy verlate omdat die Here sy aangesig vir jou verberg? Weet verseker dat dit maar vir 'n oomblik is, sê die Here. In vergelyking met wat jy voel, is God se barmhartigheid vir jou oneindig groot. Inderwaarheid kan sy ontferming aan niks wat vir ons bekend is gemeet word nie, want sy

goedertierenheid is ewig. Mag die Heilige Gees elkeen van God se kinders so met die Woord lei sodat hulle weer die vriendelike aangesig van God mag aanskou en die heerlike gemeenskap met Hom beleef.

Nou kan dit gebeur, en dit gebeur regtig met gelowiges, dat hulle biddend worstel omdat die Heilige Gees hulle met die Woord lei maar die gevoel van verlatenheid bly. Dit is asof daardie droefheid nog net nie wil wyk en plek maak vir heilige vreugde en blydskap voor die aangesig van die Here nie. Israel het in die ballingskap ook hierdie gevoel gehad, want

die ballingskap het vir sewentig jaar geduur. Dawid het moontlik ook soms hierdie gevoel gehad, want die Here het dan gesê dat die swaard nooit van sy huis sal wyk nie oor sy sonde met Batseba en die moord op Urija. Tog het hy uit die mond van die Here gehoor dat sy sonde hom vergewe is.

Maar al duur hierdie gevoel van verlatenheid 'n mens se lewe lank, dit bly nog altyd tydelik. Die Here verseker ons dat sy goedertierenheid ewig is. Daarom sal Hy nie toelaat dat sy kind vir wie Jesus met sy kosbare bloed betaal het ooit uit sy hand geruk word nie. Mag die Heilige Gees daarom aan hierdie gelowiges wat vir so lank al hierdie worsteling het die krag en hulp gee om nooit op te hou stry en te vra om die genade van die Here nie.

Om aan sy gelowige kind die versekering te gee dat hy regtig nie vanweë sy sonde uit die geloof en uit die genade geval het nie – om aan sy gelowige kind die versekering te gee dat hy nie in die sonde moet bly lê nie en dat hy nie verlore sal gaan nie – maak die Here hierdie belofte:

**Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die Here, jou Ontfermer.**  
(Jesaja 54:10 AFR53)

Vir ons is berge en heuwels onbeweeglik en vas van voet. Hier staan Tafelberg dan al vir hoeveel eeue aan die suidpunt van Afrika. Jan van Riebeeck het die berg sien staan amper vier honderd jaar gelede, soos ons dit vandag sien staan. Maar berge kan padgee en heuwels kan wankel. Deur 'n aardbewing kan die Here 'n berg of 'n heuwel platvee met die aarde. Maar selfs al gebeur dit, belowe die Here dat sy goedertierenheid nooit sal padgee nie en sy vredesverbond nooit sal wankel nie. Die Here se troue verbondsliefde sal nooit ophou nie omdat sy verbond 'n ewige verhouding is wat Hy self begin het.

Mense wil weet dat hulle deur iemand liefgehê word. Dit laat hulle geborge en veilig voel. Die liefde wat God aan mense skenk is gewaarborgde liefde. Jesus Christus is die waarborg daarvan. En saam met liefde verlang mense na vrede. Vrede in hierdie sin is nie maar net kalmte en rustigheid nie. Vrede tussen God en mens beteken dat die Here die mens in 'n intieme verhouding met Hom bring sodat die mens kan weet dat alles wat God met hom doen en laat gebeur vir sy beswil is. Hy wil sy kind vir ewig by Hom hê.

Hierdie liefde van God is onveranderlik en sy vrede is onwankelbaar. Wie hierdie beloftes van die Here glo, het 'n standvastige anker in 'n wêreld waar alles maar net tydelik is. God skenk hierdie liefde en vrede aan sy kind omdat Hy vol barmhartigheid en genade is. Hierdie barmhartigheid van God is permanent ewig, want God self is onveranderlik in sy wese.

Daarom kan ons die belofte glo as die Here sê dat Hy altyd barmhartig sal wees oor sy kind. Ons kan daarop staatmaak en by Hom pleit op grond van sy belofte. Om terug te keer na die beeld van 'n huwelik wat die Here in ons Skrifgedeelte gebruik. Daar is 'n verskil tussen 'n uitgaanverhouding en 'n huweliksverhouding. Wanneer 'n man en 'n meisie

met mekaar uitgaan, is daar nog geen waarborg dat die meisie net so erg is oor die man as wat hy oor haar is nie. Daar is geen waarborg dat hierdie verhouding 'n permanente verhouding is nie. En dit sal 'n mens tot 'n meerdere of 'n mindere mate onseker laat voel.

Wanneer dit by die verhouding kom wat die Here met sy kinders het, is daar geen rede om onseker te wees nie. Hoekom nie? Omdat die Here nie maar net met sy gelowiges uitgaan nie. Die Here is in 'n permanente verhouding met sy kerk. Hy noem haar sy bruid en Hy is haar Bruidegom. In Christus het God Homself daartoe verbind om sy uitverkorenes lief te hê, om getrou aan hulle te wees en om ewig barmhartig teenoor hulle te wees. Daarom kan elke ware gelowige verseker weet dat God nie sal toelaat dat hy uit die geloof en genade uitval nie.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 5-4:2, 5, 6 (10:2, 5, 6)

- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,  
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.
- 5 Maar nee, ons sal oorwinnaars bly / deur Hom vir wie ons leef en ly.  
Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood, / geen eng'lemag, bo-menslik groot,
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –  
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
7 Augustus 2016